Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

Nuusweek

Nommer 36, Jaargang 1 | 10-16 Okt 2025 | www.pretoriafm.co.za

Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans

Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe



HOOP VIR HEROPBOU

Wink vrede in Gaza?
Bladsy 2

Oom Paul vier 200
Bladsy 3

Ons kán Kerkplein red
Bladsy 4

Lydia groet musiekbedryf
Bladsy 16



Skietstilstand te danke aan Trump

Redaksie

'n Skietstilstand is Donderdag tussen Israel en Hamas bereik.

Pres. Donald Trump van die VSA het gesê die skietstilstand is deel van die eerste fase van sy plan vir die Gazastrook.

Trump het Donderdagmiddag net ná 13:00 (plaaslike tyd) in 'n plasing op X gesê: "Ek is baie trots om aan te kondig dat Israel en Hamas albei die eerste fase van ons Vredesplan onderteken het … Geseënd is die vredemakers!"

Die BBC berig die skietstilstand in die Gazastrook sal binne 24 uur ná goedkeuring van die Israeliese kabinet in werking tree. Die eerste fase van 'n ooreenkoms is vroeër Donderdag deur Israel en Hamas in Egipte onderteken.

Saam met die skietstilstand is ooreengekom dat gyselaars van Israel en Palestina binnekort vrygelaat sal word. Dit kan die eerste stap wees in die beëindiging van die vyandelikhede in die Gazastrook.

Trump het verlede week sy 20-punt-plan aangekondig om die twee jaar lange oorlog in Gaza te beëindig.

Ingevolge dié plan "sal Israel hulle troepe onttrek tot by 'n ooreengekome lyn as die eerste stap tot 'n "sterk, standhoudende en ewigdurende vrede". Volgens Trump se plasing sal alle partye billik behandel word.

Meer as 67 000 mense is dood in die konflik.

Prof. Pieter Duvenhage, onafhanklike politieke kommentator verbonde aan die Hugenote Kollege, sê dinge tussen Israel en Hamas beweeg nou danksy die skietstilstand na 'n beter posisie.

"Die konteks het verander met die aankondiging van die skietstilstand. Dit gaan beide partye bevoordeel."

Duvenhage meen die skietstilstand is veel meer te danke aan Trump se ontmoeting met Benjamin Netanyahu, eerste minister van Israel, aan die einde van September by die Withuis as aan die groep aktiviste wat deel was van die Global Sumud-flottielje, 'n groep vaartuie, wat verlede Donderdag deur die Israeliese owerhede op pad na Gaza aangekeer is.

Oudpres. Nelson Mandela se kleinseun, Mandla Mandela, was een van ses Suid-Afrikaners op die flottielje. Die Sweedse aktivis Greta Thunberg was ook deel van dié hulpflottielje onderweg na die Gazastrook om humanitêre hulp te verleen, hulpvoorrade te bring en aandag op die oorloggeteisterde gebied te vestig. Mandela en Thunberg is saam met die sowat 478 mense in die flottielje aangehou en Maandag uit Israel gedeporteer.

"Die aktiviste gaan dink hulle het die skietstilstand beding, maar ek dink dit kom eerder van Trump se onderhandelings met Netanyahu af. Die tydsberekening van die flottielje is egter van so 'n aard dat hulle sal dink hulle het dít bewerkstellig. Albei kante is wel tevrede gestel."

Duvenhage sê die skietstilstand kan lewensvatbaar wees indien die gyselaars vrygelaat word.

"Die verhouding tussen Israel en Palestina was nog altyd broos. Die geskiedenis vertel ons dat die verhouding tussen Israel en Hamas en tussen Israel en die Palestyne op sy beste maar plofbaar is."

Weens dié brose verhouding moet mens volgens Duvenhage 'n skietstilstand tussen Israel en die Palestyne as iets sien wat maklik weer gebreek kan word.

"Mens moet hoop dat hierdie skietstilstand nou na werklike vrede sal lei, of ten minste korttermynvrede sal bewerkstellig ná die geweldige geweld tussen die twee lande wat twee jaar gelede ontketen is.

Hy vind dit vreemd dat 'n skietstilstand byna tot op die dag vandat dié oorlog in die Midde-Ooste op 7 Oktober 2023 uitgebreek het, aangekondig is.

"Ek dink nie dit was doelbewus nie, maar dis amper 'n winspunt vir Netanyahu."

Joodse raad verwelkom skietstilstand

James Kemp

Die Suid-Afrikaanse Joodse Raad van Afgevaardigdes het intussen die skietstilstand tussen Israel en Hamas verwelkom. Dié raad sê in 'n verklaring hulle hoop dat dit die einde van die oorlog sal beteken.

"Ons prys veral die moedige wêreldleiers wat die pad van dialoog, onderhandeling en diplomasie bo retoriek en haat gekies het. Hul beginselvaste leierskap staan in skerp kontras met dié wat hierdie tragedie vir politieke gewin uitgebuit het eerder as om opregte vrede te bevorder."

Die verklaring lui verder dat die raad steeds bid vir die veilige terugkeer van die 48 gyselaars wat ingevolge die ooreenkoms deur Hamas vrygelaat moet word. Die raad het ook hulle teleurstelling in die Suid-Afrikaanse regering uitgespreek.

"Dit is 'n diep teleurstelling dat die Suid-Afrikaanse regering, danksy sy bande met Hamas, vanaf die begin van die konflik 'n eenkantige en performatiewe houding aangeneem het, en betekenislose deugseinoefeninge gekies het en wat nie sy posisie te gebruik het om betekenisvol by te dra tot gyselaarsonderhandelinge of die strewe na 'n vrede wat ontelbare lewens kon gered het nie."

Solidariteit vra Amerikaanse state om Afrikaner te erken

Redaksie



Jaco Kleynhans en Werner Human voor die Texas-wetgewer in Austin. (Foto: Verskaf)

Solidariteit het die afgelope paar dae met lede van die regerings in Michigan, Suid-Carolina en Texas vergader ten einde dié deelstate te vra om 'n voorgestelde resolusie oor Suid-Afrika en die Afrikaner goed te keur. Dit sou behels dat hierdie deelstate, en uiteindelik ook ander, in die voetspore van president Donald Trump sal volg nadat hy in Februarie 'n uitvoerende bevel oor Suid-Afrika onderteken het waarin hy ook die Afrikaner erken het nie. Volgens Jaco Kleynhans, hoof van Openbare Skakeling by Solidariteit, wil dié organisasie hê dat soveel as moontlik deelstate in die VSA die Afrikaner se reg op 'n voortbestaan in Suid-Afrika moet erken. Solidariteit vra dus vir erkenning, maar ook vir steun uit hierdie deelstate wat veral met handel, ondersteuning aan Afrikanerinstellings en die gebruik van Afrikaners se vaardighede verband hou.

In die resolusie wat binnekort in die wetgewers van hierdie deelstate sal dien, word die Suid-Afrikaanse regering se diskriminasie teen Afrikaners veroordeel en word die regerings van deelstate gevra om met Afrikaners saam te werk ten einde 'n veilige en voorspoedige toekoms in Suid-Afrika te verseker. Volgens Kleynhans is daar tans 'n ongekende bewustheid oor Suid-Afrika en die Afrikaner in die VSA en skep dit 'n uitstekende geleentheid om verhoudinge te verdiep. "Ons wil sien dat druk op die Suid-Afrikaanse regering toeneem, maar ook dat Afrikaners gehelp word om in Suid-Afrika te kan leef. Dit sluit in steun van regerings in deelstate wat dit makliker vir maatskappye in hulle state sal maak om Afrikaners in Suid-Afrika in diens te neem sonder dat mense hoef te emigreer."

Kruger-ewebeeld vandag onthul

Redaksie



200 jaar na die geboortedag van die voormalige president van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Paul Kruger, sal 'n standbeeld van hom op Orania onthul word. Dié standbeeld is 'n presiese replika van dié van die oudpresident wat op Kerkplein staan.

Die Kruger-ewebeeld sal op Orania se nuwe stadsplein staan en die sprekers sluit in die voormalige voorsitter van die Krugergenootskap, Hannes Noëth, die uitvoerende direkteur van die FAK en Voortrekkermonument, dr Danie Langner, en die uitvoerende hoof van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy, Frans de Klerk.

Die beeld sal onthul word deur Orania se burgemeester, Lida Strydom, waarna die bekende sanger Ruhan du Toit sy treffer "Monumentaal" sal sing.

Die Kruger-ewebeeld, wat op Erfenisdag vanaf die Voortrekkermonument na Orania vertrek het, het na plekke soos Rustenburg, Potchefstroom en Heilbron gereis – elk plekke wat 'n besondere betekenis vir die voormalige president van die Zuid-Afrikaansche Republiek ingehou het, en met die opvoering van NP van Wyk Louw se stuk Kruger breek die pad oop deur die Orania Kunsteraad gepaardgegaan het.

‘Ons kán Kerkplein red!’ – FAK

Redaksie

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) en die Voortrekker-monument het ’n petisie van stapel gestuur ná die vandalisering van die beeldegroep op Kerkplein in Pretoria. Die burgerwagte aan die voet van die Paul Kruger-standbeeld is reuseskade berokken en een burgerwag se voet is heeltemal afgebreek.

Die beeldegroep, wat ’n standbeeld insluit van die voormalige president van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Paul Kruger, is al met alles van verf tot brandbomme toegetakel. Die besturende direkteur van die FAK, dr Danie Langner, sê die FAK pleit reeds vir jare vir die verskuiwing van die oorspronklike beeldegroep op Kerkplein.



“Ons het in Oktober verlede jaar, ná die soveelste vandaliseringvoorval, ’n dringende skrywe aan Tshwane hieroor gerig, en nou weer.”

Volgens Langner is die harde werklikheid dat die politieke wil ontbreek om die vandalisering van beelde en bakens regdeur die land te keer. Dit word trouens aktief en aggressief aangemoedig.

“Die FAK se antwoord om die beeldegroep op Kerkplein met replikas te vervang, sal verseker dat dit in sy historiese konteks en karakter behoue bly. Dit sal Kerkplein in wese red. Daar is geen ander konstruktiewe antwoord nie.







Opbrengste waarop jy kan STAATMAAK

GELEI DEUR ERVARING

ONYX
Income

ONYX

12.80%* EFFEKTIEWE GROEI

DUBBELSYFER OPBRENGSTE

100% Van jou kapitaal belê

Aanvangsfooie word deur ons geabsorbeer

Dividendbelasting
0% Besighede
20% Individue

Diversiteit oor ons private-ekwiteitsbates

*Bates onder bestuur sluit onder andere eiendom, gasvryheid, inligtingstegnologie, mynbou en groen energie in.

*Bepalings en voorwaardes geld

Die Onyx-inkomsteportefeulje is ontwerp om stabiele inkomste en kapitaalbewaring te bied deur te belê in ongenoteerde instrumente wat deur die Portefeuljehoumaatskappy uitgereik word.

*Die aangeduide opbrengste en groei is teikensyfers, nie gewaarborg nie, en is onderhewig aan jaarlikse hersiening.

BELANGRIKE KENMERKE

- *12.80% Jaarlikse opbrengs
- Minimum bedrag: R100 000
- Dividende maandeliks betaal
- 10% Spesiale Dividend
- Klas A voorkeuraandeel

Vir meer inligting rakende die Amethyst Lewende Annuïteit, kontak u finansiële adviseur of besoek everestwealth.co.za
087 654 8705
info@everestwealth.co.za

Everest WEALTH

Everest Wealth Management (Pty) Ltd registration number 2002/004025/07,
an Authorised Financial Services Provider FSP 795 CAT I , II & IIA and registered credit provider NCRCP 21504

Vlaamse parlementslid skryf boek oor Afrikaners

James Kemp


Sy oupagrootjie het destyds in die ou Transvaal gewoon. So het die Vlaamse parlementslid Kristof Slagmulder se bande met Suid-Afrika begin, en uiteindelik gelei tot die boek *Vlaamse Voetsporen in Zuid-Afrika* uit sy pen. Slagmulder vertel aan *Nuusweek* dat hy tydens sy besoeke aan die land met sy eie oë gesien het hoe Afrikaners om oorlewing veg in 'n land waar hulle taal, kultuur en veiligheid onder druk staan.

"Dit het my diep geraak. Ek het parallelle met Vlaandere gesien. Ook hier word ons identiteit al hoe meer uitgehol deur globalisme en massa-immigrasie. Daardie besef was die grondslag van hierdie boek."

Slagmulder vertel dat die boek gebaseer is op historiese bronne, gesprekke met politici en persoonlike kontakte met mense uit die Afrikanergemeenskap.

"Ek wou 'n brug bou tussen die verlede en die hede. Van Vlaamse pioniers by die VOC tot die hedendaagse stryd van Afrikaners vir hul taal en selfbeskikking. Dit is nie 'n droë akademiese werk nie, maar 'n toeganklike boek wat geskiedenis, aktualiteit en identiteit met mekaar verbind."

Hy vertel dat hy Afrikaners leer ken het as 'n warm, trotse en vasberade volk.



"Ten spyte van al die teenslae bly hulle glo in hul toekoms en in hul reg om as volk te bestaan. Hul bereidwilligheid om self oplossings te vind, deur skole, gemeenskapsprojekte en ondernemings, is inspirerend. Hulle kla nie, hulle doen. Dit bewonder ek opreg."

Slagmulder sê die boek is gelyktydig 'n huldeblyk en 'n waarskuwing aan ander Vlaminge.

"Wat die Afrikaners vandag ervaar, soos kulturele marginalisering, antiwit-rassisme en die gevoel om vreemdeling in eie land te wees, kan ons ook tref as ons nie waaksaam is nie. Vlaandere moet uit Afrikaners se verhaal leer. Terselfdertyd is dit 'n pleidooi vir samewerking: Volke met gedeelde waardes en wortels moet mekaar ondersteun, nie mekaar vergeet nie."

Vlaamse voetsporen in Zuid-Afrika verskyn in November 2025 by Uitgeverij Egmont. Die boek bevat ook bydraes van Suid-Afrikaanse denkers oor identiteit, selfbeskikking en die toekoms van Afrikaans. Dit kan nou reeds bestel word: **https://www.uitgeverijegmont.be/products/vlaamse-voetsporen-in-zuid-afrika**

Ons gaan Withuis toe omdat die ANC sloer!



Dirk en Jaco gee vir ons 'n blik agter die skerms oor wat op die onlangse toer na Amerika gebeur het. Dit het 24 dae, 7 state en 2 besoeke aan die Withuis behels. Jaco gesels oor die vensterperiode wat tans oop is, wat ongelooflike geleenthede vir Suid-Afrika se verhouding met Amerika inhou mits dit reg bestuur word. Die regering doen alles in hul vermoë om ons in 'n slegte lig te plaas, maar kry dit nie reg nie. Die Trump-administrasie heg meer waarde aan ons verslae as dié van die ANC. Luister vandeesweek se episode om meer eksklusiewe nuus te kry. Kyk die jongste episode van Die Solidariteit Wêreld met Dirk Hermann hier.

Kyk die jongste episode van Die Solidariteit Wêreld met Dirk Hermann hier.

Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis

Nuusweek

Regskennisgewings

Pretoria FM
hoop, gro, lééf in Afrikaans

Plaas jou Regskennisgewings
nou in Nuusweek.

Nuusweek verskyn ELKE VRYDAG GRATIS in digitale formaat en word nasionaal versprei.

Spertyd:
Besprekings: Dinsdae om 12:00 voor Publikasie.

Stuur 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za of skakel
Monique de Jager by 012-543 0120

TikTok-poets laat ma die polisie ontbied, matriekleerling in die sop

'n Nuwe poets wat kinders op hulle ouers bak en dan op TikTok plaas, het 'n ma van Mosselbaai rasend van bekommernis gehad, in so 'n mate dat sy die polisie ontbied het. Net om uit te vind dit was een, groot grap.

"Ek was absoluut buite myself. Ek het gedink ek gaan my kind dood by die huis aantref," sê Anneke Steenkamp.

In dié nuwe gier sal kinders foto's neem van hulle ouerhuis se voordeur en dan met behulp van KI die foto dokter sodat dit lyk of daar 'n hawelose man by die deur staan.

Hulle stuur dan hierdie foto vir hulle ouers op WhatsApp en sê die man op die foto beweer hy ken die ouers. Die kind gaan dan sover as om nog 'n foto te stuur waar die man kamstig op hulle rusbank sit en 'n broodjie eet.

"Ek het hom maar ingelaat. Hy het gesê hy is honger toe maak ek maar vir hom 'n broodjie," is hulle volgende boodskap aan hulle ouers.

Uit die aard van die saak is die ouers briesend en rasend van bekommernis, tot die kind dan bieg dit is als net 'n grap en die foto is met KI gegeneer.

Die reaksie en boodskappe word dan op TikTok gedeel.

Anneke vertel sy was op 6 Oktober by haar werk in George. Haar dogter, wat tans in matriek is, was alleen by die huis in Mosselbaai.

"Ek het 'n boodskap van haar af gekry en eers vier minute later dit oopgemaak. Ek sien daarin 'n vreemde man wat 'n trollie in ons oprit stoot. My hart het gaan staan."

Anneke bel toe haar kind en vra vir haar wat soek die man in hulle erf, maar haar kind het volgehou sy moet haar WhatsApp-boodskappe lees.

"Terwyl ek met haar op die foon praat, raak my lugtyd op. Ek maak toe die boodskappe oop en sien daar is nog twee foto's, een van die man by ons voordeur en 'n ander een waar die man by ons yskas staan."

Anneke het paniekbevange haar een vriend gebel, maar hy het nie geantwoord nie.

"Ek was te ver om betyds te wees en al wat ek kon dink was dat hierdie man iets aan my kind gaan doen."

Sy het toe haar ma gebel en ook besluit om die buurtwag in kennis gestel.

"Hulle het dadelik gereageer en ook die polisie in kennis gestel. Ek wou huil; ek het nog nooit so hulpeloos gevoel soos op daardie oomblik nie."

Anneke het inderhaas nog lugtyd gelaai en weer haar kind gebel.

"Ek huilend en aan die bewe, maar toe ek met haar praat, bars sy uit van die lag en sê vir my dit was net 'n grappie.

Die foto's is nie regtig nie. Ek was woedend."

Volgens Anneke was haar ma so woedend op die toneel dat die polisiemanne haar moes kalmeer.

"Ek het vir my kind gesê sy moet maar die situasie hanteer en vir almal sê sy het hulle tyd met 'n grap gemors."

Intussen het Anneke haar kind gehok, sy mag geen vriende sien nie en TikTok is ook van haar foon verwyder.

"Ek wil daardie dag nooit weer oor hê nie. Ek was lam van bekommernis."

Anneke sê sy wil nou bewustheid skep oor hierdie poets wat die rondte doen.

"Hulle noem dit 'n poets, maar dit is onsmaaklik. Kinders moet besef hulle kan nie in vandag se tyd wolf-wolf skree en dink daar gaan nie gevolge wees nie."



Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

Daar was heelwat reaksie op die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking (DIRCO) se aankondiging dat ses Suid-Afrikaanse flottielje-deelnemers, wie se bote deur Israel onderskep is, na Suid-Afrika teruggekeer het. Hier is wat hulle te sê gehad het:

Helene Lientjie Brink
Jip…. Maar die SA belastingbetalers moet vir daardie vlugte betaal!!

Ansie Nel
Gaan dump hulle in Gaza aangesien hul so lief is vir die Palestyne. Dan kan Israel hul sake vir hul werk.

Andre Loubser
Ja, ja, weereens wat soek hulle daar ...?? Dis net om opspraak te maak en die aandag af te trek van wat hier aangaan.

Joseph Kassie Cloete
Dis goeie nuus. Pragtig.

Marietjie Becker Van Zyl
Hou hulle daar, asb!

Marinda Cox
Klaar gejollie-patrollie. Plaas hulle liewers die gemors in SA oplos.

Michelle Carstens
Moes hulle Gaza toe gestuur het, na hulle HAMAS-tjommies vir koek en tee.

Dirk Nel
Hoekom hulle nie eerder gaan aflaai in Palestina waar hulle so graag wil wees om te gaan help nie?

Riaan Roux
Kan hulle nie maar teruggestuur word nie? Ons het genoeg gemors en probleme.

Jan T Wessels
Mooi, Israel.

Arries Viljoen
Nee, hou hulle daar. As jy gaan moeilikheid soek, moet jy dit mos verwag. Ons soek hulle nie terug nie.

Thereza Thistle du Preez
Op ons koste natuurlik.

Nico Barkhuizen
Snaaksste ontvoering ooit waar die enigste eis was dat hulle moet huis toe gaan.

Essie Murphy
Ek hoop hulle moet met daardie "skuite " hier by die Kaap om kom.

Marlene Julyan
Bootjies lyk nogal mooi op die waters.

Ons wil graag van jou hoor.
Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.



Hamas is die sondebok, nie Israel

Internasionale perspektief

Jaco Kleynhans



'n Palestynse vlag is twee weke gelede opgehys bo die nuwe Palestynse ambassade in Londen in die Verenigde Koninkryk – slegs enkele dae voor die tweejaarherdenking van die brutale Hamas-aanval op 7 Oktober 2023 op Israel. Dinsdag se herdenking in Israel het gepaard gegaan met pynlike herinneringe van onder andere babas wat lewendig in oonde gebak is, vroue wat verkrag en met stomp voorwerpe doodgeslaan is en mans wat agteraan voertuie gesleep is totdat hulle gesterf het. Uiteindelik is 1 200 onskuldige burgerlikes dood en is meer as 240 Israeli's gyselaar geneem.

Dit is egter asof 'n groot deel van die wêreld vergeet het dat Hamas, wat die aanval uitgevoer het, die amptelike regering van die Palestyne in die Gasastrook op 7 Oktober 2023 was. Hamas is in 2006 deur die Palestyne in Gasa as hulle regering verkies. Hamas se magsposisie is die gevolg van die wil van die Palestynse burgerlikes van Gasa.

Dit kan en mag vergelyk word met Duitsland onder Nazi-beheer. Dit was immers Duitsers wat die Nazi's in Maart 1933 met 44% van die stemme verkies het. Soos Hamas het die Nazi's ook demokrasie beëindig, oorlog verklaar en was dit uiteindelik die burgers van beide gebiede wat die prys moes betaal. Nog 'n billike vergelyking sou Japan se aanval op die VSA in Desember 1941 wees. Die VSA was tog geregtig daarop om terug te slaan al moes honderde duisende Japannese burgerlikes die prys daarvoor betaal.



Wat het egter die afgelope twee jaar sedert Hamas se aanval op Israel gebeur? Israel het besluit om vuur met vuur te beantwoord. Die antwoord van 140 lande wêreldwyd was om 'n Palestynse staat te erken. Anti-Israel betogings regoor die wêreld het gevolg. En nou hang daar selfs 'n amptelike Palestynse vlag in Londen. Haat vir Israel is erger as ooit vantevore. Israel word van volksmoord beskuldig. Aanvalle op Jode wêreldwyd neem toe. Hoe het ons hier gekom?

Die internasionale hoofstroommedia het oor die afgelope twee jaar Israel konsekwent as die sondebok uitgebeeld, terwyl die ware aggressors – Hamas – met 'n sluier van stilswye bedek is. Die verkragting en verminking van ma's voor hulle kinders, kinders wat voor hulle ouers doodgemartel of doodgeskiet is en lyke wat met sadistiese plesier misbruik is, is nie Dinsdag in die hoofstroommedia herdenk nie. Nee, die media se fokus was op die lyding van die Palestyne.

Bittermin kommentators is bereid om Israel se historiese reg om terug te slaan te erken. Dink aan Japan se verrassingsaanval op Pearl Harbor op 7 Desember 1941 waarin 2 400 Amerikaners dood is. Die VSA se reaksie? Die atoomaanvalle op Hirosjima en Nagasaki in 1945. Tog hoor ons nie

Na bladsy11

Hamas is die sondebok, nie Israel (vervolg)

Van bladsy 10

beskuldigings van volksmoord teen Harry Truman se administrasie nie. Dieselfde geld vir die Britse en Amerikaanse lugaanvalle van Duitse stede soos Dresden in 1945, waar 25 000 burgers – hoofsaaklik vroue en kinders – in een nag verbrand het. Tot vandag toe word die VSA en Brittanje nie van volksmoord beskuldig nie.

Die ironie is tog duidelik: Hoekom word Israel se presiese militêre operasie in Gasa, met vooraf waarskuwings aan burgerlikes en die ontruiming van dorpe en stede voordat aanvalle uitgevoer word, as 'n volksmoord geklassifiseer, terwyl talle soortgelyke militêre operasies in die wêreld se geskiedenis geregverdig word?

Die media gaan ook voort om klakkeloos Hamas se sterftesyfers in Gasa die afgelope twee jaar te herhaal. Verskeie ontledings toon dat dit opgeblaas is deur natuurlike sterftes, dubbele tellings en die onwilligheid van die Hamas-owerheid om te erken dat minstens 'n derde van sterftes in Gasa die afgelope twee jaar Hamas-terroriste was. Israel se intelligensiediens skat dat meer as 20 000 Hamas-terroriste dood is, wat 'n lae burgerlike-tot-militante ratio van ongeveer 1:1 impliseer – histories laag vir stedelike oorlogvoering.

In vergelyking met Irak of Sirië, waar burgerlike sterftes 10:1 of hoër was, toon Israel se optrede 'n bewonderenswaardige presisie. Het die VSA 'n volksmoord in Bagdad uitgevoer toe duisende burgerlikes daar, tydens die oorlog wat van 2003 tot 2011 geduur het, dood is? Of het Rusland met sy lugaanvalle op Idlib in 2015 'n volksmoord gepleeg?

Die duisende Palestynse sterftes in Gasa is tragies, maar toeskryfbaar aan Hamas se taktiek om vuurpyle vanaf skole en hospitale af te vuur, en om tonnels onder digbevolkte burgerlike gebiede te bou.

President Donald Trump se poging om vrede tussen die Palestyne en Israel te bewerkstellig moet verwelkom word. Geen vredespoging mag egter ruimte bied vir hernude Palestynse terreur uit Gasa nie. Die Palestyne het een keer Hamas verkies en die omvang van ekstremisme onder Palestyne is 'n werklikheid wat te maklik deur die media vermy word. Die Palestyne verdien vrede, maar net indien hulle self bereid is om Israel se reg op 'n vreedsame en veilige toekoms te erken.

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

Daar is geen alternatief



Op die oomblik is die RNE die beste wat ons het — en in een opsig is dit 'n skitterende sukses. Dit is meer as 'n jaar sedert die RNE aan bewind gekom het. Alhoewel dit op verskeie geleenthede wankelrig gelyk het, het dit daarin geslaag om uitdagings te oorkom. Vanuit 'n ekonomiese oogpunt was die RNE se eerste groot uitdaging die goedkeuring van die begroting.

Die eerste poging het nie parlement bereik nie; die tweede is verwerp. Slegs die derde begrotingspoging deur die minister van Finansies is goedgekeur. Gelukkig het ons kort geheues en hierdie krisis wat die RNE moes navigeer, is grotendeels vergeet. Meer uitdagings sal die RNE egter in die maande vorentoe in die gesig staar. Een hiervan sal disharmonie tussen die ANC en sommige partye oor die nasionale dialoog wees.

Ongelukkig het die nasionale dialoog verswak tot 'n ANC-troetelprojek, eerder as 'n inisiatief gerig op nasiebou wat deur alle partye in die RNE gedryf word. Nog 'n uitdaging sal die plaaslikeregeringsverkiesings teen die einde van volgende jaar of vroeg in 2027 wees. Partye in die RNE sal mekaar in hul veldtogte teëstaan. Om een dag in die openbare ruimte te debatteer en die volgende dag om 'n kabinetstafel te sit, sal die sterkte daarvan en die verbintenis van partye toets om daarin te bly.

Die vooruitsig van meer partye wat by die RNE aansluit, is ook problematies. Dit is duidelik dat die ANC dit wil hê om die invloed van die DA te verdun. Meer partye sal Suid-Afrikaanse belastingbetalers kos. Hierdie partye sal aanstellings as adjunkministers eis, met belastingbetalers wat die koste van hul salarisse en voordele soos behuising, sekuriteit, kantoorpersoneel en voertuie dra. Dit is nie onmiddellik duidelik wat adjunkministers doen nie. Om mee te begin, kan hulle nie vir ministers instaan nie.

Wanneer ministers buite Suid-Afrika reis of tydelik afwesig is, moet 'n ander kabinetskollega vir hulle instaan. Tog het Suid-Afrika 43 adjunkministers, selfs voordat meer partye by die RNE aansluit. Dit is te betwyfel of enigiemand in Suid-Afrika al 43 adjunkministers en hul portefeuljes kan noem. Saam met die 32 ministers vorm hulle 47% van die ANC se LP's.

Aangesien die RNE bestaan uit partye wat die soewereiniteit van die grondwet

Na bladsy12

RNE: Daar is geen alternatief (vervolg)

Van bladsy 11

ondersteun, is dit 'n geval van DIGA: Daar Is Geen Alternatief.

Dit bly egter 'n bekommernis dat die RNE geen planne voorgelê het om ekonomiese groei te verbeter en werkloosheid uit te wis nie. Dit bly Suid-Afrika se grootste uitdagings. In die RNE het die ANC buitelandse sake gemonopoliseer en 'n gemors daarvan gemaak. Wanneer die ANC se buitelandse beleid beoordeel word, is dit slegs nodig om die Amerikaanse tariewe op Suid-Afrikaanse uitvoere te onthou, wat tot nadeel van binnelandse ekonomiese groei en werkskepping werk. Terselfdertyd lyk dit of binnegevegte in die ANC 'n vlak bereik het waar die aanstelling van 'n ambassadeur na die VSA problematies is. Om die prestasie van die RNE op aspekte anders as die mislukkings van die ANC te beoordeel, is dit nodig om 'n breër siening te neem. Een sukses wat dikwels vergeet word, is verbeterde toesig oor die uitvoerende gesag. Staande en selektiewe komitees in die parlement het hierdie toesigfunksie, wat ernstig versuim is toe die ANC 'n parlementêre meerderheid gehad het. Voorheen het ministers dikwels sittings van parlementêre komitees geïgnoreer en nie geskeduleerde vergaderings bygewoon nie. Daar was geen gevolge nie. Dit het verander sedert die RNE aan bewind gekom het. Sommige van die komitees word gelei deur lede van ander partye ander as die ANC. Die komitee-prosedures word nie meer deur die ANC oorheers nie, aangesien dit nie 'n parlementêre meerderheid het nie.

Om op te som, baie van die komitees het hul toesigrol verbeter, wat een van die hoekstene van 'n grondwetlike demokrasie is.

Die beste voorbeeld is die geval van die voormalige minister van hoër onderwys en opleiding, Nobuhle Nkabane. Nkabane het probeer om 'n parlementêre komitee te mislei oor die proses wat gevolg is vir raadsaanstellings by die sektor-onderwys- en opleidingsowerhede, en het nie 'n geskeduleerde opvolgvergadering bygewoon nie. Haar gedrag het gevolge gehad.

Met toenemende druk van die parlementêre komitees en van binne die RNE, was president Cyril Ramaphosa se enigste opsie om Nkabane as minister te ontslaan. Dit was voorheen ongehoord.

Verbeterde parlementêre toesig is die hoofprestasie van die RNE, alhoewel dit nie dikwels sigbaar is nie. Die handhawing van hierdie toesig is voldoende rede vir partye soos die DA om in die RNE te bly, ten spyte van ontevredenheid met sommige van die besluite en met die ANC en Ramaphosa.

Dit is inderdaad 'n geval van DIGA in die beste belang van alle Suid-Afrikaners, en ministers moet gewoond raak aan behoorlike parlementêre toesig.

Die meningstuk het oorspronklik in die Financial Mail verskyn.

**Rossouw is 'n ereprofessor by Wits Besigheidskool en 'n ekonoom by Altitude Wealth.*

Die Groot Stilte ná die Groot Gekla:



Die ironie van die pro-Palestynse narratief

Maande lank het die strate van die wêreld weerklink van slagspreuke en banier-optogte: "Skietstilstand nou!", "Israel pleeg 'n volksmoord!", "Stop die bloedbad!". Van universiteitskampusse in die VSA tot die strate van Londen en Parys, van Kaapstad tot Berlyn, het aktiviste hulle kele hees geskreeu oor die noodsaak van 'n onmiddellike skietstilstand. Elke dag was daar nuwe plakkate, nuwe betogings, nuwe beskuldigings teen Israel. Tog, nou dat daar 'n konkrete vredesvoorstel op die tafel lê — 'n werklike geleentheid om die geweld te beëindig — is daardie stemme skielik stil.

Hierdie stilte is meer as bloot ironies. Dit is ontmaskerend. Dit wys dat die doel van die anti-Israel koor nooit werklik vrede was nie, maar eerder die demonisering van Israel. Want as die mense van Gaza en Hamas regtig deur 'n "volksmoord" gegaan het, sou hulle en hulle ondersteuners enige kans vir vrede aangegryp het asof dit 'n laaste lewenslyn is. Maar in plaas daarvan is die reaksie koel, en in baie gevalle selfs vyandig teenoor die idee van 'n verdrag. En dit dwing ons om 'n eenvoudige, ongemaklike vraag te vra: as daar werklik 'n volksmoord aan die gang was, hoekom sou enigiemand weier om vrede te maak?

Die "volksmoord"-kreet as propaganda

Die term "volksmoord" is een van die mees gelaaide woorde in die moderne politieke woordeskat. Dit wek onmiddellike verontwaardiging en sluit baie rasionele gesprekke af. Daarom is dit 'n ideale instrument vir politieke mobilisering. Vir baie aktiviste het die vreeslike beeld van 'n "volksmoord" die werk gedoen: emosie het oor rasionaliteit geseëvier.

Maar propaganda word getoets teen die werklikheid — nie teen hoe hard jy skree nie, maar teen wat op die grond gebeur. Dit

Na bladsy13

Die Groot Stilte ná die Groot Gekla: Die ironie van die pro-Palestynse narratief (vervolg)

Van bladsy 12

beteken nie dat burgerlike lyding ontken kan word nie; dit beteken wel dat taal en konteks saak maak. Daar is 'n wêreld se verskil tussen 'n staat se doelbewuste, sistematiese poging om 'n volk uit te wis en 'n militêre veldtog wat, al is dit swaar en soms tragies onnoukeurig, gefokus is op 'n vyandige terreurorganisasie wat homself agter burgerlike skilde wegsteek.

As daar een toets is om die valsheid van die "volksmoord"-kreet te ontbloot, lê dit in die eenvoudige feite van hoe Israel hierdie oorlog gevoer het:

80% van die infrastruktuur vs. nie 80% van die mense nie: Groot dele van Gaza se geboue is beskadig of vernietig, ja. Maar dit is omdat Hamas sy oorlogsmagte in woonbuurte, moskees, skole en hospitale ingebed het. Israel het daardie terreurdoelwitte geteiken. As Israel regtig 'n volksmoord wou pleeg, sou die verhouding eenvoudig wees: 80% van die geboue vernietig, 80% van die mense dood. Maar dit is nie die geval nie. Israel se fokus was militêre infrastruktuur, nie burgerlike uitwissing nie.

80% van die infrastruktuur VS. nie 80% van die mense nie

Waarskuwings aan burgerlikes: Watter land wat 'n volksmoord wou pleeg, waarsku sy teikens vooruit? Israel het herhaaldelik boeie laat val, SMS'e en oproepe gestuur, en roetes oopgemaak sodat burgers uit gevegsgebiede kon beweeg. Geen volksmoordregime in die geskiedenis het sy slagoffers kans gegee om te vlug nie.

Humanitêre hulp: Watter land wat 'n volk wil uitwis, laat tonne en tonne voedsel, medisyne en ander hulpbronne in? Sedert 7 Oktober het Israel meer humanitêre vragte in Gaza toegelaat per dag as wat daar voor die aanvalle ingekom het. 'n Volksmoordregime sou eerder alles afgesny het.

Teikens is terroriste, nie mense nie: Israel se intelligensie en militêre strategie fokus op terreurleiers, tonnels, vuurpyllanseerders en wapenopslagplekke. Die feit dat burgerlikes dikwels in die kruisvuur beland, is tragies, maar dit is 'n direkte gevolg van Hamas se taktiek om hul oorlog agter burgerlike skilde weg te steek. Want hoe meer burgerlikes dood, hoe beter die propaganda teen Israel.

Hierdie feite op hul eie behoort genoeg te wees om die "volksmoord"-kreet as leeg te ontbloot.

En tog is dit juis hierdie feite wat die skynheiligheid van die pro-Palestynse aktiviste ontbloot. Want dieselfde mense wat maande lank deur die strate getrek het en geskree het oor "volksmoord", "hongersnood" en "etniese suiwering", is nou skielik stil. Waar is hulle stemme nou dat daar 'n vredesverdrag op die tafel lê? Waarom word die voorstel nie met dieselfde passie verwelkom as waarmee 'n skietstilstand geëis is nie?

Die antwoord is eenvoudig: omdat die verdrag nie honderd persent na Hamas se pype dans nie. Die oomblik dat daar 'n moontlikheid is van 'n vrede wat Israel se reg om te bestaan erken, is die aktiviste stil — of erger nog, veroordeel hulle dit. Hulle slagspreuke was nooit oor vrede nie, maar oor propaganda.

Nog meer ironies is die leë refrein wat jy nou hoor: "Net die Palestyne kan oor hul eie toekoms besluit." Maar dit is juis wat op 7 Oktober gebeur het. Toe Hamas besluit het om 1 200 mense op die wreedste maniere moontlik te vermoor, toe hulle gekies het vir verkragting, marteling en massaslagting, het hulle oor hul toekoms besluit. En baie van die sogenaamde "onbetrokke burgerlikes" het saamgewerk: Hulle het gejubel, geplunder, verkrag en gemoor. Die wêreld wil dit vergeet, maar dit is 'n feit: 7 Oktober was nie net Hamas nie, dit was ook duisende gewone Palestyne wat aktief deelgeneem het.

Nog 'n waarheid wat die wêreld so graag vergeet: Hamas is nie van buite op Gaza afgedwing nie. Hulle is in 2005 demokraties verkies.

Sedertdien het hulle die gebied met 'n ystervuis regeer. Selfs ná jare van oorlog en verwoesting, wys peilings dat Hamas steeds 80% steun in Gaza het. Dit beteken dat die bevolking nie bloot 'n passiewe slagoffer is nie; hulle het aktief hierdie pad gekies en hou dit steeds in stand.

Wanneer Westerse aktiviste dus sê: "Net Palestyne kan oor hul toekoms besluit," moet hulle eerlik wees oor wat dit beteken. Die Palestyne het besluit. Hulle het Hamas gekies. Hulle het die aanval op Israel ondersteun. Hulle het saam aan die bloedbad deelgeneem. En selfs ná die verwoesting en lyding, ondersteun hulle steeds die organisasie wat alles veroorsaak het.

Dit bring ons terug by die groot ironie van hierdie oomblik. Vir maande lank het die wêreld geskree: skietstilstand, stop die oorlog, red die mense. Maar nou, wanneer 'n vredesverdrag voorgelê word, verdwyn die energie. Want hierdie keer gaan dit nie net oor om Israel te demoniseer nie — dit vra ook dat Hamas verantwoordelikheid aanvaar en sy terreurpad beëindig.

Die feit dat Hamas huiwer en die betogers stil is, sê alles. Want as jou prioriteit werklik lewens was, sou jy vrede verwelkom, selfs al beteken dit dat jou propagandalyn verswak. Die stilte wys dat dit nooit oor lewens gegaan het nie, maar oor ideologie.

Die groot stilte ná die groot gekla is nie net ironies nie — dit is 'n morele ontmaskering. Dit wys wie regtig vir vrede staan en wie net Israel se vernietiging soek. Dit wys wie werklik lewens wou red en wie bloot die woord "volksmoord" as 'n wapen teen die enigste Joodse staat gebruik het.

Israel het gewys hy is bereid om vrede te oorweeg. Hamas het gewys hy verkies oorlog. En die pro-Palestynse aktiviste het gewys dat hulle nie vredesaktiviste is nie, maar propagandiste.

Die tyd het gekom om die skynheiligheid by die naam te noem. Want as jy kan skree oor volksmoord, hongersnood en etniese suiwering, maar stilbly wanneer vrede moontlik is, wys jy dat jy nie regtig omgee vir mense nie. Jy gee net om vir jou haat teen Israel.

**Wesseloo is 'n vryskutjoernalis vir die Suid-Afrikaanse Joodse Raad van Afgevaardigdes. Sy mening is sy eie en nie die van die raad nie.*

Jesus Christus, die seën van Abraham



Abraham en sy nageslag kon net op een manier vir hulle sondeskuld vergifnis kry: deur offers en deur gehoorsaam te wees aan die gebooie van God. Jesus Christus was namens ons gehoorsaam aan sy Vader en is aan die kruis geoffer sodat ons nie meer aan hierdie voorwaardes hoef te voldoen om vergifnis van sonde te ontvang nie. Al wat nou van ons verwag word, is om te glo in Jesus Christus; dit wil sê om te glo dat Hy finaal vir al die gelowige kinders van die Here se sondes geboet het aan die kruis en aan hulle almal vergifnis van sonde geskenk het. Die geloof word in ons gewerk deur die Heilige Gees wat deel is van die seëninge van Abraham wat alle gelowiges ontvang. Jy glo omdat die Gees jou oortuig. En omdat jy oortuig is dat Jesus Christus vir jou sondes geboet het, hoef jy geen straf vir die sonde te verwag of te vrees nie en kan jy weet dat jy die ewige saligheid beërwe. As jy dit regtig verstaan, sal jy nie anders kan nie as om groot dankbaarheid vir hierdie genade van God te voel en sal jy jou dankbaarheid wil toon deur sy wil te doen; sy gebooie te gehoorsaam. Gehoorsaamheid aan God is nie meer voorwaarde nie, maar gevolg van die vergifnis van sonde; maar dit bly steeds die waarborg van 'n lewe van geluk en vreugde

Vrydag 10 Oktober



Ons herdenk vandag, soos wat almal waarskynlik teen hierdie tyd weet, pres. Paul Kruger se geboortedag presies 200 jaar gelede op 10 Oktober 1825. Ten spyte daarvan dat hy baie min formele skoolopleiding gehad het, was sy leierseienskappe vroeg al sigbaar en was hy bestem om een van die grootse Afrikanerleiers van die 19de eeu te word.

Die Suid-Afrikaanse kunstenaar Judith Mason is op 10 Oktober 1938 gebore. Haar kunswerke is ryk aan simboliek en mitologie, en vertoon 'n seldsame tegniese virtuositeit. Sy het tydens haar loopbaan kuns by verskeie universiteite en kunsskole doseer en is in 2016 in die ouderdom van 78 jaar oorlede.



Die Skotse sanger/liedjieskrywer Midge Ure van Ultravox is vandag 72. Die naam, *MIDGE*, het hy geskep deur sy eintlike naam, *JIM*, foneties om te draai. Midge Ure het die Band Aid- en Live Aid-konserte saam met Bob Geldof georganiseer.



Die Olimpiese Spele van 1964 in Tokio het op 10 Oktober amptelik begin. Dit was die heel eerste keer in die geskiedenis dat die openingseremonie regstreeks op televisie uitgesaai is.


Laastens, die akteur Christopher Reeve, wêreldwyd beroemd vir sy rol as Superman en bekend vir sy dapperheid ná 'n perdryongeluk, wat van hom 'n kwadrupleeg gemaak het, is vandag in 2004 oorlede.





Annetjie maak uiteindelik haar hart teenoor haar beste vriendin oop, en Naomi is in 'n toestand wanneer sy uitvind Hannah het by die skool weggeloop. Anya besluit om oop kaarte met Joe te speel, en Joe konfronteer vir Max. Rudolf en Nicolette is uiteindelik op 'n goeie plek in hulle verhouding.

Aitsa-finaliste aangekondig



Die finaliste in die Aitsa Afrikaanse Musiektoekennings is bekend. Afrikaans 100 word saam met vanjaar se Aitsa-toekenningsgeleentheid gevier en dit is 'n viering van die hele Afrikaanse musiekbedryf. Vanjaar se Aitsas gaan op 6 November op Via as 'n televisiegeleentheid uitgesaai word waartydens blootstelling nie net aan die wenners gegee word nie, maar ook aan die genomineerdes, die mense agter die skerms, vervaardigers en aan al die kunstenaars wat Afrikaans met trots vier.

Révan Luus, projekbestuurder van die Aitsas sê dat hierdie jaar nie net nog 'n toekenningsgeleentheid gaan wees nie, maar 'n geskiedkundige viering van die kunsvorm, die passie en die ongelooflike talent wat ons in die Afrikaanse musiekbedryf het.

"Ons sien baie uit daarna om saam met julle hierdie jaar 'n onvergeetlike viering van Afrikaans, sy mense en musiek te maak."





Adverteer in Nuusweek

Laat een van ons konsultante jou help om jou besigheid na die volgende vlak te neem.

Stuur 'n e-pos na
adverteer@pretoriafm.co.za



Pretoria FM wil van sy luisteraars hoor

Pretoria FM nooi luisteraars om deel te neem aan 'n meningsopname oor sy programme. Dit vorm deel van 'n jaarlikse projek waartydens luisteraars van Pretoria FM hulle sê kan sê. Volgens Pretoria FM se programkoördineerder, Susan Botha, is dit vir die stasie belangrik om te weet wat hulle luisteraars wil hoor.

"Ons luisteraars gee vir ons die mandaat om te doen wat ons doen. Ons kan nie ons programbeplanning aanpak sonder om nie eers hulle insette te kry nie."

Luisteraars kan hier van hulle laat hoor.

Lydia Winchester groet musiekbedryf

Die bekende musiekpromotor Lydia Winchester is klaar met die musiekbedryf. Winchester het die aankondiging gemaak toe sy vlugtig by Pretoria FM se mobiele ateljee by Aardklop gekuier het.

"Ná 40 jaar in die musiekbedryf, kondig ek hier op die lug my uittrede aan."



Winchester sê verder dat dit die laaste kuier in haar lewe by 'n fees is tensy sy genooi word om byvoorbeeld 'n toekenning te ontvang.

"Ek is klaar met die bedryf. My hart is baie seer, maar dit is 'n besluit wat ek moes neem."

"Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om vir elke persoon dankie te sê vir die ongelooflike ondersteuning want, hierdie opkomende kunstenaars... Van hulle is useless. Ek sê dit nou op die lug."

Winchester bedank ook die media wat haar en haar kunstenaars oor die jare ondersteun het.

"Gee vir my 'n Rina, 'n Carike, 'n Annelie. Hulle het geweet waaroor dit gaan. Jy kry nou hierdie *teenyboppers* wat nuut is wat nie weet waaroor die bedryf gaan nie, hulle is groot gebore uit hulle ma se maag."

Sy sê dat dit vir haar baie moeilik is om die musiekbedryf te groet en dat sy met van die voorste kunstenaars in haar loopbaan gewerk het. Dit sluit ook internasionale kunstenaars soos Dana Winner, BZN en Eddie Grant in.

Winchester sê die seerste oomblikke in haar lewe was met die afsterwe van Gé Korsten en Bill Flynn. Sy is vroeër die jaar weer getroud ná 'n egskeiding veertien jaar gelede.





ROOI OKTOBER AANBIEDING

Trekkers, Stropers, Spuite, Planters, Hooitoerusting, ...en meer!

Maksimum Waarde.
Onverbeterlike Pryse.

Skandeer die kode en sien alles wat ons te koop het!

Besoek ons webwerf:
www.masseyferguson.com


SKANDEER

MASSEY FERGUSON

Bepalings en voorwaardes geld.

Bitcoin (BTC) Bitstamp

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.



Agtergrond

Bitcoin is die welbekende kriptogeldeenheid.

Kernbevinding

Die dubbelhoogteformasie (waarskuwing) bevestig dat die instrument dalk net te ver en te vinnig na bo beweeg het en dat die prys by die vorige hoogtepunt verkopers ervaar.

'n Dubbelhoogteformasie is positief, maar wanneer die prys naby 'n vorige hoogte verkopers lok, raak almal onseker, omdat die prys verkopers rondom huidige vlakke gelok het.

Onder lyn A (121379) kan ons die eerste teken van tegniese swakheid ervaar en eers onder lyn B (108396) kan die dubbelhoogte erge winsneming ontketen.

Opwaartse momentum is bo lyn A te sien.

Die 50-dag- bewegende gemiddeld (114388) is een van die beste langtermyn-sentimentsmeters. Onder die gemiddeld is beleggers huiwerig om te koop en bo die gemiddeld is beleggers optimisties oor die vooruitsigte. Let daarop dat die gemiddeld tans 'n steun is.

Belangrike vlakke om dop te hou

Bo 126272 kan die instrument die onsekerheid van die tafel vee en verder styg en teikens jaag van: 126454, 127892, 128432, 129555, 130000, 131067, 132569, 133642 en selfs 134476 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

Tegniese opinie en strategie.

Vir spekulante – verkoop of gaan kort onder lyn A (121379), indien u glo dat die dubbelhoogte dalk verkopers kan lok, maar gebruik 125347 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na onder is: 120554, 119678, 118532, 117555, 116343, 115832, 114389, 113198, 112132, 111878, 110361, 110041, 109041, 116002, 115832, 114323, 114295, 114116, 113734, 113111, 112898, 112452, 111800, 111238, 110765, 110423, 109567, 109090 en108396.

Vir medium- tot langtermynbeleggers – verminder blootstelling onder lyn A, maar wees bekommerd as 119587 'n weerstand word. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – 114388) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers: Onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel, maar bo die gemiddeld, is hulle positief. Hou in gedagte dat die gemiddeld 'n steun is.

Gevolgtrekking

Die momentum neem die instrument steeds hoër, maar onder lyn A kan winsneming plaasvind.

Opsomming

Vir spekulante – verkoop of gaan kort onder lyn A (121379), indien u glo dat die instrument stoom kan verloor en winsneming kan ervaar, maar gebruik 125347 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

Vrywaring

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggingsadviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

Nuusweek en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

Frans de Klerk
Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan fransdeklerk.com



SOLIDARITEIT

WERKSGIDS

Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za.

Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info

Poste vir ambagslui:

Tekenaar, Kaapstad: Sluit 31 Oktober
Junior tekenaar, Kaapstad: Sluit 31 Oktober
Junior tegnikus vir vakleerlingskap, Pretoria: Sluit 31 Oktober
Installeerder - Vakman, Pretoria: Sluit 20 Oktober
Tekenaar, Boksburg: Sluit 14 Oktober
Junior instrumentasie-elektrisiëns, Centurion: Sluit 31 Oktober
Motorwerktuigkundige, Randburg: Sluit 31 Oktober
Dieselwerktuigkundige, Rustenburg: Sluit 31 Oktober
Sweis-werkers, Boksburg: Sluit 31 Oktober

Poste vir Drywer:

Drywer Kode 14, Roodeplaat: Sluit 31 Oktober

Administrasie en sekretariële poste:

Faktuurklerk, Kaapstad: Sluit 31 Oktober
Eise administrasie, Pretoria: Sluit 31 Oktober
Administratiewe dame, Pretoria: Sluit 31 Oktober
Ontvangsdame en rugsteunterapeut, Sandton: Sluit 31 Oktober
Administratiewe dame, Midrand: Sluit 31 Oktober
Besigheidstelseladministrateur, Christiana: Sluit 31 Oktober
Ontvangs, Pretoria: Sluit 10 Oktober
Diensbeheerder, Rustenburg: Sluit 31 Oktober

Poste in bestuur/koordineerder:

Projekkoördineerder, Shere: Sluit 15 Oktober
Kombuisbestuurder, Kaapstad: Sluit 31 Oktober
Vlootbestuurder, Benoni: Sluit 22 Oktober
PSIRA-geregistreerde CCTV-beheerder Pakhuisbedryf, Bedfordview: Sluit 31 Oktober
Velddiensbestuurder, landbou-implemente, Johannesburg: Sluit 13 Oktober

Poste in verkope en kliënte diens:

Eiendomspesialis, Roodepoort: Sluit 31 Oktober
Kassier, Sandton: Sluit 31 Oktober
Eksterne verkoopspersoon, Delmas: Sluit 31 Oktober

Poste vir Bemarking:

Solidariteit: Digitale inhoud- en sosialemediabeampte, Centurion: Sluit 21 Oktober

Poste vir Au pair :

Au pair, Bloemfontein: Sluit 15 Oktober

Poste vir Onderwys:

Gasvryheidonderwyser, Hoërskool Baberton: Sluit 27 Oktober
Grondslagfase, CVO Carolina: Sluit 10 Oktober
Graad 12 Wiskunde, Pretoria: Sluit 31 Oktober
Kreatiewe kuns (graad 4 - 9) Afrikaans (graad 7), Centurion: Sluit 31 Oktober
Besigheidstudies, Pretoria: Sluit 31 Oktober

Poste vir Verpleegsters/ Tuisversorgers:

Stafverpleegster, Kraaifontein: Sluit 15 Oktober
Verpleegkundige, Centurion: Sluit 31 Oktober

Poste vir assistente:

Kassier, Boksburg: Sluit 15 Oktober
Persoonlike Assistent vir Senior Bestuur, Randburg: Sluit 31 Oktober
Stoorman/vrou, Midrand: Sluit 31 Oktober:
Assistent handelaar, Johannesburg: Sluit 31 Oktober
MHB-assistent, Pretoria: Sluit 31 Oktober
Junior finansiële- en administra-tiewe assistent, Pretoria: Sluit 31 Oktober

Poste vir Skoonheids:

Skoonheidsterapeut, Kaapstad: Sluit 31 Oktober
Senior haarkapper, Vredenburg: Sluit 31 Oktober
Skoonheidsterapeut, Bellville: Sluit 31 Oktober
Naeltegnikus, Kaapstad: Sluit 31 Oktober

Poste Vir FAK:

Geskiedenisbeampte, Pretoria: Sluit 15 Oktober
Kultuurbeampte, Paarl: Sluit 15 Oktober

Poste in Versekering:

Korttermynversekeringsmakelaar, Kaapstad: Sluit 31 Oktober
Korttermynversekeringsadministrateur, Kaapstad: Sluit 31 Oktober
Langtermyn versekeringskonsultant, Centurion: Sluit 31 Oktober

Poste vir Kombuisbestuur:

Restaurant/kombuisbestuurder, Uniondale: Sluit 15 Oktober

Poste vir Plaaswerk:

Plaas handlanger, Uniondale: Sluit 31 Oktober



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff



Bokke spog met nóg ’n trofee

Die Springbokke is vir ’n tweede agtereenvolgende jaar die Castle Lager Rugbykampioenskapwenners ná ’n spannende 29-27-oorwinning oor Argentinië op Twickenham voor 70 000 toeskouers verlede naweek.

Die Springbokke en die All Blacks het gelyk geëindig met 19 punte elk op die punteleer, maar danksy Suid-Afrika se indrukwekkende punteverskil van +57 kon hulle die titel en beker behou.

Die volgende uitdaging vir die Bokke is hul toer in November deur Europa en die Verenigde Koninkryk om in vyf toetse teen Japan, Frankryk, Italië, Ierland en Wallis te speel. Daar word verwag dat dr Rassie Erasmus binnekort sy toergroep sal bekend maak.

Intussen het agt van die wêreld se voorste rugby-unies, Engeland, Ierland, Frankryk, Skotland, Italië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en Australië, ’n gesamentlike verklaring uitgereik waarin hulle spelers en afrigters waarsku teen deelname aan die beplande R360-kompetisie. Volgens die unies sal enige speler wat by R360 aansluit, nie oorweeg word om vir sy land toetsrugby te speel nie.



Die nuwe liga, wat deur die voormalige Engelse 2023-Wêreldbekerwenner Mike Tindall ondersteun word, beplan om ’n wêreldwye kompetisie met tussen ses en agt manspanne en vier vrouespanne in groot stede te begin. Die kompetisie word vir volgende jaar beplan. Kritici meen die plan is onduidelik oor befondsing, spelerswelsyn en wedstrydskedules in ’n reeds besige rugbykalender.

Frik du Preez kuier by Pretoria FM



Die rugbylegende Frik du Preez was 'n veelsydige atleet voor hy sy naam vir Noord-Transvaal gemaak het as 'n doelskop-flankvoorspeler en in sy eerste Springboktoets met 'n 5-0-oorwinning oor Engeland in 1961 gewen het.

Toe hy 10 jaar later afgetree het, na die laaste wedstryd van die toetsreeks teen Australië in Sydney, was hy Suid-Afrika se speler met die meeste toetsverskynings, met 38 toetse. Altesaam het hy 87 wedstryde vir die Springbokke gespeel en 87 punte aangeteken.

In agt toetse teen die Britse en Ierse Leeus, oor die 1962- en 1968-reekse heen, was hy nooit aan die verloorkant nie.

In 2000 het Suid-Afrikaanse rugbyondersteuners hom as hul grootste speler van die 20ste eeu aangewys.

Hy het Donderdagoggend by Pretoria FM gekuier op die vooraand van nie net Die Blou Bulle Rugby Trust se gala-aand nie, maar ook sy 90ste verjaardag.

V: Jy is aangewys as Suid-Afrika se Rugbyspeler van die 20ste Eeu. Wat beteken daardie erkenning persoonlik vir jou?

A: Ek het geleer rugby speel gaan nie oor jou of individuele spelers nie, dit gaan oor die span. Ek was natuurlik aangenaam verras toe ek dit hoor, maar ek sou meer windgat gewees het as ek in die span van die eeu was. Om terug te kom na hedendaagse rugby en die sogenaamde "man van die wedstryd" wat aangewys word. Ek is nie 'n groot voorstander daarvan nie, want dit is die span wat jou help om goed te doen. Daarom sou ek baie trotser gevoel het as ek die span van die eeu gehaal het. Dit is maar net my mening.

V: As jy terugkyk na jou speeldae, is daar een wedstryd of oomblik wat jou bybly?

A: Die Curriebeker-eindstryd in 1969 tussen die Noord-Transvaal en die Westelike Provinsie bly 'n hoogtepunt vir my. Ek het toe vir maande reeds nie meer pale toe geskop nie. Tydens die oefening die Donderdagaand voor die eindstryd teen die WP, trek Hennie du Randt sy dyspier en skielik moes ek die skoppe waarneem. Ek kon dit regkry om 'n stel skoene – met wit strepe – by Olympia-sport in Pretoria te kry, maar onthou nou, ek het net in swart skoene gespeel. Tydens die wedstryd kry ons 'n strafskop en Piet Uys wat ons kaptein was, vra of ek die kans wil vat om te skop. Ek het gehuiwer maar hy het vir uitgewys dat ek die regte skoene vir die skop aanhet. Ek het net my kop afgehou en die bal tussen deur die pale deur gestuur.

V: Besit jy nog daardie paar skoene?

A: Nee, ek reken hulle hang iewers in 'n museum.

V: Wat het die Springbokspan van jou era so suksesvol gemaak, ondanks die uitdagings van daardie tyd?

A: Ons was dertig ouens wat vir mekaar gespeel het. Ek was met my eerste toer na Engeland 24 jaar oud, toe staan ek op die boot in 'n aandpak op pad na Engeland. Ons was vir 14 dae op die boot, en ek dink ons het 'n hele paar bidure bygewoon dat die boot nie moet sink nie. Nou ja, daar het ek geleer, rugby gaan oor die span.

V: Jy het gespeel in 'n tyd toe internasionale rugby baie anders was. Wat dink jy van die moderne professionele spel in vergelyking met jou era?

A: Ek het besef die reëls gaan verander, maar daar is een reël wat my grensloos irriteer. Dit is hierdie ding oor die kopstampe, en dan moet daar besluit word of dit nou moedswillig was en of 'n rooi kaart as straf gegee moet word. Dit gaan rugby nog verongeluk, dink ek. Ek dink, as ek nou gespeel het en ek was kaptein, het ek vir die spelers gesê, as ons 'n "up and under"-beweging doen, spring ons nie vir die bal nie. Dan sal 99% van kopstamp-insidente uit die weg geruim word.

Vinnige vrae:

1. Wat is die belangrikste les wat rugby jou geleer het?

Jy moet jou voete op die grond hou. Ek het ook geleer rugby gaan nie oor jou nie, dit gaan oor die spanmaats en my spanmaats het my gebring waar ek vandag is.

2. Watter jong speler reken jy moet ons dophou?

Ek gaan by Rassie (Erasmus) begin. Ek dink hy doen uitstekende werk. Hy verstaan dié rugby-ding. Hy het 'n metode: Hy vat een of twee jong outjies en sit hy hulle net in die span, dan dink party mense, hoekom doen hy dit nou? Maar dit is dieselfde ouens wat môre vir Suid-Afrika gaan speel. As jy die eerste keer uit die bloute gekies word om vir jou land te speel, dan dink jy aan alles behalwe rugby, so Rassie kies jong spelers en hy gee hulle 'n kans.

3. Wat wil jy hê moet jou nalatenskap wees — nie net as 'n rugbyspeler nie, maar as 'n persoon?

Ek lewe nie dat hulle my moet onthou nie. Die Blou Bulle Rugby Trust lê my wel baie na aan die hart en ek wil graag rugbyhelde kan help wat dit nodig het.

Die Blou Bulle Rugby Trust gala-aand vind op 23 Oktober 2025 te SuperSport Park in Centurion plaas. Hierdie geleentheid het ten doel om fondse in te samel om rugbyhelde se mediese- en begrafnisuitgawes te dek.

Vir meer inligting, skakel vir Faith Mudau by 068 531 2924 of stuur 'n e-pos na faith@sail.co.za.

Bulls bo aan VRK-punteleer ná sege oor Leinster

Die fokus nou eers weer na die Verenigde Rugbykampioenskap (VRK) met Springbokspelers wat na hul verskeie unies terugkeer.

Die Vodacom Bulls en DHL Stormers het verlede naweek beide hul tweede oorwinnings in die VRK behaal. Die Vodacom Bulls het met 39-31 teen Leinster op Loftus Versfeld geseëvier, terwyl die DHL Stormers met 26-10 teen die Ospreys gewen het.

Die Hollywoodbets Sharks het in moeilike weerstoestande 17 elk gelykop teen die Dragons in Wallis geëindig en die Lions het naelskraaps met 22-20 teen Zebre in Parma, Italië verloor. Dit was Zebre se eerste sege ooit teen die Johannesburgers.

Die Bulls is nou bo aan die punteleer met 10 punte, gevolg deur die Stormers op nege punte. Die Sharks is tans in die 11de plek met twee punte en die Lions 13de met een punt. Komende naweek speel die vier Suid-Afrikaanse spanne in Europa met almal wat teen Noordelike teenstanders te staan kom.



VRK bepalings:

Vrydag 10 Oktober

20:45 Munster teen Edinburgh
20:45 Scarlets teen Stormers

Saterdag 11 Oktober

16:00 Benetton Rugby teen Lions
16:00 Ospreys teen Zebre
18:30 Glasgow Warriors teen Dragons
18:30 Leinster teen Sharks
20:45 Cardiff Rugby teen Connacht
20:45 Ulster teen Bulls

Protea-vroue op dreef in Wêrelbeker

Die Suid-Afrikaners het verlede Vrydag met tien paaltjies teen Engeland in hul openingswedstryd vasgeval toe hulle vir 69 lopies uitgeboul is. Drie dae later het hul teruggeveg en oortuigend met ses paaltjies teen Nieu-Seeland geseëvier. Gister het Suid-Afrika teen een van die gasheerlande, Indië te staan gekom. Suid-Afrika het die loot gewen en vir Indië ingestuur om eerste te kolf.



Indië is vir 251 lopies uitgeboul met een bal in hul beurt oor. Chloe Tryon het met haar uitstekende boulwerk drie paaltjies geneem met Marizanne Kapp (2/45), Nadine de Klerk (2/52) en Nonkululeko Mlaba (2/46) wat elk twee paaltjies geneem het.

Ondanks 'n wankelrige begin vir die Proteas tydens die jaagtog kon die kaptein, Laura Wolvaardt, 70 lopies met die kolf bydra tesame met Nadine de Klerk se onoorwonne 84 lopies. Die Proteas het tot die einde koel en kalm in 'n uiterse spanningsvolle beurt gebly, totdat 'n skitterende ses deur De Klerk die wedstryd beklink het. Die vroue se volgende kragmeting is Maandag om 11:30 teen Bangladesj.

Opsomming van die kragmeting op 3 Oktober:
Suid-Afrika 69 (20.4):
Sinalo Jafta 22, Linsey Smith 3/7 en Natalie Sciver-Brunt 2/5
Engeland 73/0 (14.1):
Amy Jones 40* en Tamsin Beaumont 21*
Engeland wen die kragmeting met 10 paaltjies.

Opsomming van die kragmeting op 6 Oktober:
Nieu-Seeland 231 (47.5):
Sophie Devine 85, Brooke Halliday 45 en Nonkululeko Mlaba 4/40
Suid-Afrika 234/4 (40.5):
Tazmin Brits 101, Sune Luus 83* en Amelia Kerr 2/62
Suid-Afrika wen die kragmeting met 6 paaltjies.

Opsomming van die kragmeting teen Indië:
Indië 251 (49.5):
Richa Ghosh 94, Pratika Rawal 37 en Chloe Tryon 3/32.
Suid-Afrika 252/7 (48.5):
Nadine de Klerk 84*, Laura Wolvaardt 70 en Sneh Rana 2/47.
Suid-Afrika wen die kragmeting met drie paaltjies.





Diamante glinster teen Proteas

Australië het hul oorheersing oor die SPAR Proteas voortgesit met twee seges in die reeks van drie wedstryde op eie bodem. Die tuisspan het die reeks beklink nadat hulle die eerste wedstryd verlede Vrydag met 64-53 gewen het, gevolg deur 'n oortuigende 67-40-oorwinning vroeër hierdie week. Dié twee lande kom Sondag vir die laaste kragmeting in Adelaide te staan met spel wat om 07:30 begin.

Windhoek gereed vir T20-kragmeting tussen Proteas en Namibië

Groot opwinding heers in ons buurland oor die eerste internasionale wedstryd wat môre by die Namibië Krieketgrond in Windhoek tussen die tuisspan en Suid-Afrika plaasvind. Donovan Ferreira sal die Proteas op dié veld lei wat as gasheer gaan dien vir die volgende Wêreldbeker in 2027.

Die eerste bal word om 14:30 geboul.

T20-groep teen Namibië:

Donovan Ferreira (kaptein), Nandre Burger, Gerald Coetzee, Quinton de Kock, Bjorn Fortuin, Reeza Hendricks, Rubin Hermann, Kwena Maphaka, Rivaldo Moonsamy, Nqaba Peter, Lhuan-dré Pretorius, Andile Simelane, Jason Smith, and Lizaad Williams.